Musiekwaardering

"Musiek is ... ' n instrument in God se hande. Wie na musiek luister, se werklas word ligter, se hartseer word draagliker, se moegheid word minder. Musiek breek die grensdrade tussen mense; dit wek patriotisme; dit verleen waardigheid aan die mensdom. Musiek is die hoogste vorm van kultuur."
- Eugene M Bertin

Doelwit: *Die spesialisasie lei die jeuglid om 'n liefde vir sowel ernstige en ligte musiek te kweek en in die waardering van musiek, kennis en die uitvoering van sekere take.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode: 4. 'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.

ABC: 'n Volk word aan sy kultuur uitgeken. Een van die kultuurprodukte is musiek. In hierdie spesialisasie geniet Afrikanerskap aandag deur 'n liefde vir musiek te kweek. Omdat ons trots is op ons eie taal en kultuur, respekteer ons die taal, kultuur en musiek van ander volke in ons land.Hierdie spesialisasie lei die Verkenner in die waardering van die Afrikaner se eie, maar ook ander musiek.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	5 dae	**Graadgroep:**	10 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Vertroud wees met die basiese stemtipes (sopraan, alt, tenoor, bas) en dit kan identifiseer.*
2. *Kennis dra van die kombinasies wat in sang gebruik kan word soos duette, trio's, kwartette, ensemblesang en ook verskillende tipes koorsang.*
3. *Verskillende terme in die musiekbedryf asook die verskille tussen die tipes musiek verstaan.*
4. *Twee van die volgende orkeste:simfonie-, kamer-, stryk-, blaas-, boere- en poporkes kan vergelyk ten opsigte van:*
   - *4.1 Instrumente wat in die orkes gebruik word.*
   - *4.2 Grootte van die orkes.*
   - *4.3 Ontwikkeling van die orkes.*
   - *4.4 Soort musiek wat deur die orkes gespeel word.*

   'n Kasset of CD moet ingehandig word om die verskille te illustreer.
5. *'n Uitvoering van musiek in een of ander vorm bywoon en na afloop 'n resensie skryf onder die volgende opskrifte:*
   - *5.1 Vertolking van die musiek.*
   - *5.2 Tempo's van die musiekstukke.*
   - *5.3 Programkeuse tydens die uitvoering.*
   - *5.4 Verhoogtegniek van die kunstenaars.*
   - *5.5 Tegniese versorging van die produksie.*
6. ***Twee*** *sangers uit die volgende genres: luisterliedjies, kabaret, volksmusiek en rockmusiek vergelyk ten opsigte van:*
   - *6.1 Begeleiding.*
   - *6.2 Lirieke.*
   - *6.3 Tipes uitvoerings.*
7. *'n Studie maak van* ***twee*** *van die volgende ten opsigte van musiektegnologie:*
   - *7.1 Die vervaardiging van 'n musiek video.*
   - *7.2 Die vervaardiging van 'n kompakskyf.*

7.3 *Die rol van die klankingenieur tydens opnames.*
7.4 *Die rol van die musiekverwerker tydens opnames.*
7.5 *Die rol van die komponis.*
7.6 *Die rol van die liriekskrywer .*
7.7 *Musiek in die advertensiewese.*

8. ***Een** van die volgende doen:*
   8.1 *'n Onderhoud voer met 'n uitvoerende musikus (bv. kerkorreliste, sanger, orkeslid) ten opsigte van:*
      a. Sy opleiding.
      b. Soorte musiek wat uitgevoer word.
      c. Oefentye.
      d. Vergoeding.
      Die onderhoude kan persoonlik of d.m.v. korrespondensie gedoen word.

   óf

   8.2 *'n Eie Afrikaanse liedjie komponeer (lirieke en musiek) wat per geleentheid uitgevoer word.*

   óf

   8.3 *'n Opname maak van 'n musiekuitvoering in sy eie omgewing, byvoorbeeld 'n skoolrevue, skoolkoor of kerkkoor.*

   óf

   8.4 *'n Musiekaand met die nodige toeligting reël vir sy kommando se Verkenners.*

Literatuur wat geraadpleeg kan word:

- *VAN DER SPUY, M. & WISE, P. 1975. Musiekgeskiedenis en algemene musiekkennis. Kaapstad: NASOU.*
- *HURD, M. 1979. The Oxford junior companion to music. New York: Oxford University Press.*
- *HINDLEY, G., ed. 1971. Larousse encyclopedia of music. Hamlyn.*
- *GAUTENGSE DEPAR TEMENT VAN ONDERWYS. Handleiding vir klasmusiek.*